# Die Seremoniële Skeidingslyn in die Geskiedenis van Adventiste

Adrian Ebens

# Die Seremoniële Skeidingslyn in die Geskiedenis van Adventiste

Adrian Ebens

Gedruk deur

MARANATHA MEDIA

Maranathamedia.com

November 2015
Opgedateer: August 2018
Vertaal na Afrikaans: 2023

Aanhalings uit Engelse bronne is vry vertaal na Afrikaans.

Baie mense krap kop oor die brief van Ellen White wat sy aan haar skoondogter Mary White, in 1882 geskryf het:

> *Mary, as jy vir my 'n boks vol goeie vars harring kan kry, sal ek dit waardeer. Die voriges wat Willie gekry het, is bitter en oud. As jy blikkies in die hande kan kry, byvoorbeeld 'n halfdosyn blikkies goeie tamaties, sal ek dit waardeer. Ons sal hulle nodig hê. As jy 'n paar blikkies goeie oesters kan kry, stuur dit asseblief saam. (Vertaal uit Brief 16, 1882, gedateer 31 Mei 1882, van Healdsburg, Kalifornië.)*

Hoekom het Ellen White oesters op so ‘n laat stadium, in 1882 aangevra, terwyl ons vandag weet dat dit onrein is? Dit mag vir u nogal ‘n verrassing wees om te verneem dat Ellen White tot so laat as 1894 steeds dan en wan vleis geëet het.

> *Sedert die kampvergadering in Brighton [Januarie 1894] het ek vleis totaal van my etenstafel af verban. Daar is ooreengekom, of ek tuis is of nie, dat geen vleis deur my gesin aan tafel gebruik word nie. Ek het heelwat visioene in die nagte hieroor gehad. Vertaal uit Brief 76, 1894; in Councils on Diet and Food, bl. 488.*

Dit is belangrik om te verstaan dat Adventiste hul oorsprong vind in Protestantse Amerika en dat hulle aanvaar het dat die Ou Testamentiese wette aangaande gesondheid deel van die seremoniële wet was en dus nie binne die evangelie-bedeling van toepassing was nie. Dit mag Adventiste verras om te hoor dat James White die eet van varkvleis op die volgende manier verdedig het:

> *Sommige van ons goeie broeders is verward met betrekking tot die eet van varkvleis, en ‘n paar weerhou selfs daarvan, omdat hulle dink dat die Bybel die gebruik daarvan verbied. Ons maak nie beswaar teen weerhouding van die gebruik van varkvleis as dit op die regte gronde gedoen word nie. Ons*

> *dink dat te vrye en oorvloedige gebruik daarvan, en ander vleissoorte, 'n sonde is, waaraan baie mense, en selfs sommige van ons broeders in die huidige waarheid, skuldig is; want dit verstop en verdof die verstand, en in baie gevalle benadeel dit die liggaamlike samestelling;* ***maar ons glo geensins dat die Bybel leer dat die regte gebruik daarvan, in die evangelie-bedeling, 'n sonde is nie****. James White, <u>Present Truth</u>, 4 Nov 1850.*

James White verdedig die eet van varkvleis op die tipiese Protestantse wyse, deur na die visioen van Petrus in Handelinge 10 te verwys:

> *Maar die Nuwe Testament verkondig glad nie dat die gebruik van varkvleis verkeerd is nie; dit lewer wel afsienbare getuienis dat dit nie verbode is nie. Neem byvoorbeeld eerstens die geval van die Apostel Petrus,* ***toe God op die punt gestaan het om hom na die heidene te stuur. Sy Joodse sienings en gevoelens met betrekking tot rein diere en onrein diere sonder gesplete hoewe en wat nie herkou nie (sien Lev.11) moes eers verwyder word voordat hy kon sien dat God geen aansiener van persoon was nie****. <u>Present Truth</u> 4 Nov 1850.*

James White skryf Petrus se afkeer om onrein diere te eet toe aan sy Joodse sienings en gevoelens. 'n Bietjie verder in die artikel gaan James voort:

> *Varke was sekerlik daar.* ***Die skielike verskyning van hierdie diere het ongetwyfeld Petrus se Joodse gevoelens en vooroordele gewek****, want hy het baie van hulle as "ONREIN" beskou. "Toe kom daar 'n stem na hom [Petrus]: Staan op, Petrus, slag en eet!" Maar Petrus sê: "Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie." Hierdie visioen, en die verdere omstandighede, het die Apostel van sy eksklusiewe gevoelens gestroop, en het die weg vir hom oopgemaak om vir die heidene te preek en saam met hulle te eet. <u>Present Truth,</u> 4 Nov 1850.*

Ten slotte stel James White dit nadruklik:

> ***Sommige van ons goeie broeders het "varkvleis" bygevoeg tot die katalogus van dinge wat deur die Heilige Gees verbied word, asook die apostels en ouderlinge wat in Jerusalem vergader het. Maar ons voel geroepe om teen so 'n weg te protesteer, aangesien dit in stryd is met die eenvoudige leer van die heilige Skrifte***. *Sal ons 'n groter "las" op die dissipels lê as wat vir die Heilige Gees, en die heilige apostels van ons Here Jesus Christus goed geblyk het? Mag die Here ons behoed. Hulle besluit, wat reg was, het die kwessie daaroor besleg, en was 'n rede tot blydskap onder die kerke, en dit behoort* **die vraag vir ons finaal te besleg**. *Present Truth 4 Nov 1850.*

Gelukkig sou James White se skeiding van die morele en seremoniële wette om die vraag van die eet van varkvleis *finaal te besleg*, bevraagteken word. Agt jaar later het Ellen White, terwyl sy 'n broeder gewaarsku het wat die vark-eet-kwessie 'n toets van gemeenskap wou maak, ook die moontlikheid uitgespreek dat daar lig kan wees om van varkvleis te weerhou, maar dat dit deur meer as een persoon "ontdek" of geopenbaar gemaak sou word.

> *Ek het gesien dat julle sienings aangaande varkvleis geen skade sou bring as julle dit vir julleself hou nie; maar na julle oordeel en opinie het julle hierdie kwessie 'n toets gemaak, [207] en julle optrede het duidelik jul geloof in hierdie saak getoon. As God van sy volk vereis om hulle van varkvleis te weerhou, sal Hy hulle van die saak oortuig. Hy is net so gewillig om aan Sy eerlike kinders hul plig uit te wys, as om hulle plig te toon aan individue op wie Hy nie die las van Sy werk gelê het nie. As dit die plig van die kerk is om hulle van varkvleis te weerhou, sal God dit aan meer as twee of drie toon. Hy sal aan Sy kerk hulle plig toon. 1 Testimonies 206,207*

Wanneer u hierdie getuienis van Ellen White in Volume I van die Getuienisse (*1 Testimonies*) lees, sal u die voetnota van James White, ingelas na 1863, opmerk:

*Hierdie merkwaardige getuienis is geskryf op 21 Oktober 1858, byna vyf jaar voor die groot visioen van 1863, waarin die lig op gesondheidshervorming gegee is. Toe die regte tyd aangebreek het, is die onderwerp voorgehou op 'n manier wat al ons mense ontroer het. Hoe wonderlik is die wysheid en goedheid van God! Dit kan dalk net so verkeerd wees om nou die melk-, sout- en suikervraagstuk te druk, soos die varkvleisvraag in 1858. – J.W., nota by tweede uitgawe. Voetnota op bladsy 206 van 1 Testimonies.*

Na Ellen White se 1863-visioen omtrent gesondheid, het Adventiste anders na die varkvleisvraagstuk begin kyk. Sommige het begin om die gesondheidswette in die wet van Moses te verbind aan morele beginsels eerder as seremoniële verpligtinge wat by die kruis weggedoen is.

*Dr. Adam Clarke het eenkeer gesê dat as hy 'n brandoffer aan die duiwel sou bring, hy 'n vark wat met tabak gestop is, sou kies. En toe hy genooi is om die seën aan tafel te vra, het hy hierdie woorde gebruik: "Here, seën hierdie brood, hierdie groente en hierdie vrugte; en* ***as U onder die evangelie kan seën wat U onder die wet vervloek het, seën hierdie varkvleis.*** *" God het in die dae van Moses van varkvleis gepraat: "Dit is vir julle onrein." Watter verandering kon plaasgevind het om dit as 'n gepaste voedselartikel vir Christene rein te maak? Het God van plan verander oor die onderwerp? Het die mens so verander dat dit wat as voedselartikel vir die Hebreërs onrein was, vir Christene rein geword het? Of het die verandering in die natuur van die varkvleis plaasgevind?* ***Het die verandering van die Joodse bedeling die natuur van varke verbeter?*** *Het die dood van die Seun van God die varke geheilig? En gee die vryheid van die wêreldwye verkondiging van die heerlike evangelie van Jesus Christus die vryheid aan Christene om daardie dinge te eet wat 'n gruwel was vir die Hebreeuse etenstafel? James White, The Heath Reformer 1 Januarie 1872*

**VARKVLEIS → VARKVLEIS**

**Seremoniële Wet → Morele Wet**

Ons sien in die stelling hierbo dat James White die vraag oor die verbod op die eet van varkvleis oor die skeidingslyn tussen die seremoniële en die morele wet geskuif het. Dit is nie meer 'n seremoniële kenteken om die Jood van die heiden te onderskei nie, maar dit is nou beskou as 'n morele gesondheidsbeginsel wat nie by die kruis weggedoen is nie. In ‘n vorige artikel van dieselfde uitgawe van *The Health Reformer* word daar verwys na die onderskeid tussen rein en onrein dinge in die dae van Noag.

> *En God, in oneindige verdraagsaamheid en jammerhartigheid, het hulle toegelaat om die minder skadelike van sy lewende wesens as voedsel te gebruik, sodat hulle hulself nie vernietig in hulle murmureringe en opstand nie. Hierdie het hy "rein" genoem; en in Sy oneindige liefde en wysheid, het hy die gebruik van die meer skadelike diere verbied. Dit word "onrein" genoem. En laat dit onthou word dat hierdie onderskeid tussen rein en onrein diere nie Joods is nie. Dit is erken in die dae van die aartsvader Noag, Gen. 7:2, byna duisend jaar voor Moses. James White, The Heath Reformer 1 Januarie 1872*

**Noag Rein-Onrein — Moses — Nuwe Testament →**

Dit was 'n dapper en groot stap vir 'n Protestant. Hier sien ons 'n duidelike erkenning van morele beginsels binne-in die wet van Moses. Natuurlik het dit 'n geruime tyd geneem vir gewoontes om te verander

en presies te weet watter items ingesluit is, daarom dat Ellen White steeds oesters in 1882 gebruik het. Tog was daar steeds 'n gebrek aan duidelikheid oor hierdie vraag as gevolg van die onderliggende verwarring ten opsigte van die twee verbonde. Protestante sien tipies die era van die Nuwe Testament as 'n heeltemal afsonderlike tydperk vry van die wet van Moses, wat as 'n juk van slawerny beskou word. Die Ou Verbond, wat tot en met die tyd van die kruis bestaan het, is 'n tipe van die Nuwe Testament, of nuwe verbond, wat daarna kom. Hierdie denkpatroon het baie Adventiste verhoed om heelwat seëninge in die wet van Moses te sien.

Die visioen van Ellen White in 1863, gekombineer met die gesondheids-oortuigings van manne soos Joseph Bates en Stephen Haskell, het gehelp om persepsies van die wet van Moses rakende rein en onrein voedsel na 'n morele wet, eerder as 'n seremoniële wet, te verskuif.

Daar was egter 'n paar Adventiste-pioniers wat die implikasies van die aanvaarding van die Levitiese wette van Moses as 'n morele beginsel, ingesien het en die Adventiste-mense gewaarsku het.

> *Ons glo daar is beter grond waarop dit [die verbod op varkvleis] kan berus as die seremoniële wet van die vorige bedeling, want as ons die standpunt inneem dat daardie wet steeds bindend is, moet ons dit alles aanvaar, en **dan sal ons meer op ons hande hê as wat ons met gemak kan hanteer**. Uriah Smith, "Meats Clean and Unclean," Review and Herald, 3 Julie 1883*

As ons ons op die wet van Moses kan beroep as 'n rede waarom ons nie varkvleis moet eet nie, kan daar natuurlik ander dinge in die wet van Moses wees waarop ons ook 'n beroep kan doen, dat dit 'n morele eerder as 'n seremoniële basis het. Uriah Smith was tevrede om teen die eet van varkvleis te argumenteer deur die gesondheidsvoordele van weerhouding te beskryf, maar hy wou homself nie oopstel vir die natuurlike logiese progressie wat volg indien aanvaar word dat die wet van Moses morele beginsels het wat vandag steeds geldig is nie.

Nog 'n kritieke punt waar 'n beroep op die wet van Moses gemaak is met betrekking tot aanbidding, was die tydsberekening van die Sabbat. Dit was nie net die pioniers wat hulle op die wet van Moses beroep het om vrae te beantwoord nie, maar engele het ook hierdie proses gevolg.

> *Mev. White is in twee visioene dinge met betrekking tot die tyd van die aanvang van die Sabbat getoon. Die eerste was so vroeg as 1847, by Topsham, Maine. In die visioen is aan haar getoon dat dit verkeerd was om die Sabbat met sonop te begin.* ***Sy hoor toe 'n engel hierdie woorde herhaal: "Van aand tot aand moet julle jul sabbatte hou."*** *Uriah Smith, The Visions of Ellen White, p 90.*

Daar was verskillende idees wat die rondte gedoen het oor wanneer die Sabbat begin. Sommige het verkondig dat sonsopkoms die regte tyd is, ander het verkondig dat 6 uur die regte tyd is. ’n Visioen is aan Ellen White gegee om die valse idee, dat Sabbat met sonsopkoms begin het, te korrigeer. ’n Engel het hierdie regstelling aan Ellen White verskaf deur Levitikus 23:32 aan te haal. Dit is betekenisvol dat die engel hierdie gedeelte gebruik, omdat dit na ‘n jaarlikse feesdag, die Versoendag, verwys en nie na die weeklikse Sabbat nie.

> *Lev.23:27-32* ***Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag****. ‘n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE ‘n vuuroffer bring. (28) En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ‘n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God. (29) Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. (30) Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié siel sal Ek uitroei onder sy volk uit. (31) Julle mag géén werk doen nie; dit is ‘n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke. (32) ‘****n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou.***

Aangesien die engel die Sabbat toepas op ‘n teksvers oor die Versoendag, beteken dit dat daar 'n verband is tussen die weeklikse Sabbat en die Sabbat van die fees van die Versoendag. Daar is geen teks wat vir ons aandui om die weeklikse Sabbat van “aand tot aand” te hou nie. Dit word slegs deur die fees van die Versoendag aangedui. Weereens is die wet van Moses gebruik om leerstellige punte te ondersteun, maar hierdie keer was dit 'n engel van die hemel wat dit gedoen het.

Dieselfde proses het plaasgevind met betrekking tot tiendes. Tiendes is oorspronklik “sistematiese welwillendheid” of “suster betsie” genoem, om te verhoed dat 'n woord wat in die Ou Testament gevind word, gebruik word, al was dit dieselfde ding. Die pioniers het nie van die woord “tiende” gehou nie, omdat hulle die beskuldigings van wettisisme, dat hulle uit 'n wet put wat nie meer bindend is nie, wou vermy. As hulle sekere aspekte van die wet van Moses openlik sou aanvaar, sou hulle onvermydelik voor die vraag te staan kom: Was daar enigiets anders wat God dalk wil hê hulle moes onderhou, waarvan hulle vergeet het?

E.J. Waggoner het in 1888, oënskynlik vanuit 'n totaal ander oogpunt, entoesiasties begin verkondig dat die evangeliebeloftes wat aan Abraham gemaak is, dieselfde is as dié wat aan ons gemaak is.

> *Om 09:00 gaan ouderling Waggoner voort met sy lesse oor die wet en die evangelie. Die Skrif wat oorweeg is, was die vyftiende hoofstuk van Handelinge en die tweede en derde van Galasiërs, en is vergelyk met Romeine 4 en ander gedeeltes in Romeine. Sy doel was om aan te toon dat die twispunt neerkom op regverdigmaking deur geloof in Christus, die geloof aan ons toegereken is net soos aan Abraham, tot geregtigheid.* ***Die verbond en beloftes aan Abraham is die verbond en beloftes aan ons.*** *“Third Day’s proceedings”, General Conference Daily Bulletin (21 Okt 1888)*

Om te suggereer dat die beloftes wat aan Abraham gemaak is dieselfde is as dié wat aan ons gemaak is, het die fondasies van die Protestants-afgeleide Adventiste-denke omtrent die verbonde geskud. In plaas daarvan dat die Ou Verbond bloot 'n tipe is wat vorentoe wys na die Nuwe Verbond in die Tyd van Christus, het Waggoner gesê dat die Nuwe Verbond eintlik in die Ou Testament bestaan en werksaam is. Hy het begin leer dat die Ou en Nuwe verbonde harts-ervarings was wat beide voor en na die kruis bestaan het.




> *Die ou en die nuwe verbonde wat as 'n hartservaring verstaan word, was 'n nuanse wat deur die vroeë pioniers oor die hoof gesien is. Hierdie twee verbondservarings was twee parallelle bedelings wat in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament gelyktydig gemanifesteer het. Die ou verbond en die nuwe verbond was twee afsonderlike ervarings wat as't ware op twee parallelle spore geloop het vanaf die tyd van Kain en Abel tot by die merk van die dier en die seël van God, wat in Openbaring genoem word. Paul Penno, Calvary at Sinai, 2003, bladsy 6*

Hierdie nuwe klem deur Waggoner het veroorsaak dat sommige Adventiste teruggegaan het na die Ou Testament en daar 'n ewige Evangelie gesien het wat God se ewige en konsekwente liefde openbaar. Hierdie klem het in die geskrifte van Ellen White begin voorkom. In haar nuwe boek *Patriarchs and Prophets* (1890) het sy die volgende oor onrein voedsel gesê.

> *Die Engel het haar ook belet om iets te eet wat "onrein is."* ***Die onderskeiding tussen rein en onrein voedsel was geen blote seremoniële en eiematige saak nie,*** *maar is op gesondheidsbeginsels gegrond. Die verbasende lewenskrag wat duisende jare lank 'n kenmerk was van die*

*Joodse volk, is grootliks te danke aan die inagneming van hierdie onderskeid. Matigheidsbeginsels moet verder gevoer word as net die gebruik van spiritualieë. Die gebruik van prikkelende en onverteerbare voedsel is dikwels net so nadelig vir die gesondheid, en is dikwels die sade van dronkenskap. Ware matigheid leer ons om af te sien van alles wat skadelik is en die wat die gesondheid bevorder, matig te gebruik. Patriarge en Profete, bl. 522-523; Patriargs and Prophets, p. 563.*

Waggoner se lering het veroorsaak dat Ellen White en andere anders na die beginsels in die Ou Testament gekyk het. As die Nuwe Verbond in die Ou Testament bestaan en werksaam was, sou dit dan moontlik wees dat baie van die beginsels van die wet van Moses werklik ook in die Nuwe Verbond van toepassing is? Ellen White maak hierdie wonderlike stelling in dieselfde volume van *Patriarge en Profete*:

*Selfs toe het Hy Sy gebooie nie toevertrou aan die geheue van 'n volk wat so geneig was om Sy vereistes te vergeet nie, maar Hy het hulle op kliptafels neergeskryf. Hy sou van Israel elke moontlikheid verwyder om heidense oorleweringe met Sy heilige gebooie te vermeng, of om Sy vereistes met menslike verordeninge of gewoontes te verwar. Maar Hy het nie opgehou nadat Hy die tien gebooie aan hulle gegee het nie. Die volk het bewys dat hulle so maklik mislei word, dat Hy hulle in geen opsig sonder beskerming aan versoekings sou blootstel nie.* ***Moses het opdrag gekry om oordele [verordeninge] en wette neer te skryf wat God aan hom gegee het om Sy vereistes in die fynste besonderhede te beskryf. Daardie aanwysinge met betrekking tot die volk se verpligting teenoor God en teenoor mekaar en teenoor die vreemdeling <u>was 'n blote uitbreiding van die beginsels van die tien gebooie</u> wat so duidelik gestel is dat niemand hoef te dwaal nie.*** *Hulle was bedoel om die heiligheid van die tien gebooie wat op kliptafels gegraveer is, te bewaar. <u>Patriage en Profete</u> bl. 319-320, <u>Patriarchs and Prophets</u> 364.1*

Om te suggereer dat die geskrifte van Moses, met instruksies wat in die fynste besonderhede neergeskryf is, ‘n blote uitbreiding van die Tien Gebooie was, was 'n verstommende afwyking van eeue-oue Protestantse denke. Tog was dit die lig uit die 1888-boodskap omtrent die verbonde wat hierdie rewolusie aangevuur het.

Dit het beslis manne soos Uriah Smith in 'n posisie geplaas waar hulle meer op hul hande gehad het as wat hulle kon hanteer. Eerder as om in die lig van die waarheid te kom en te aanvaar dat God se ewige Evangelie van die grondlegging van die wêreld af bestaan het, het hy, Butler en ander hulself gestaal teen hierdie lig wat hulle sou toelaat om al die gebooie van God, deur die geloof van Jesus, te onderhou.

In 1890 het Ellen White 'n hemelse besoeker ontvang wat die saak omtrent die verbonde, soos deur Waggoner verkondig, vir haar uitgeklaar het. Sy het kort daarna aan Uriah Smith geskryf:

> *Voorverlede nag is* ***aan my getoon*** *dat bewyse met betrekking tot die verbonde duidelik en oortuigend was. Uself [Smith], Broeder B, Broeder C, en ander spandeer u ondersoekende vermoëns tevergeefs om 'n standpunt oor die verbonde te produseer wat verskil van die posisie wat Broeder [E. J.] Waggoner verkondig het. Brief 59, 1890, bl. 6. (Aan Uriah Smith, 8 Maart 1890.)*

Dit was die vleeslike reaksie van die kerkleiers op Waggoner se boodskap, gemanifesteer in die dispuut oor hierdie onderwerp in Galasiërs, wat Ellen White laat besef het dat die kerk 'n verkeerde standpunt oor die wet ingeneem het.

> *Deur te versuim om die Gees van Christus te koester, deur verkeerde posisies in te neem in die strydpunt oor die wet in Galasiërs - 'n vraag wat baie nie ten volle verstaan het voordat hulle 'n verkeerde standpunt ingeneem het nie - het die kerk 'n vreeslike verlies gely. E. G. White, Dagboekinskrywing, 27 Februarie 1891. EGW 1888, p. 894.*

Was dit hierdie duidelikheid omtrent die verbonde en die wet wat Ellen White gehelp het om in 1894, meer as 30 jaar ná die groot visioen oor die onderwerp van gesondheid, finaal van vleisprodukte af te sien? Haar tydsberekening is beslis interessant.

Met hierdie nuwe post-1888 begrip van die Nuwe Verbond wat in die Ou Testament bestaan het, het Ellen White voortgegaan om wonderlike stellings te maak.

> *Die woorde van Moses aan Israel oor die insettinge en verordeninge van die Here, is ook die woord van God aan ons; Hy sê: "Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk."* Signs of the Times *21 Maart 1895*

Ellen White haal Deuteronomium 4:6 aan en sê vir ons dat ons hierdie dinge moet bestudeer en dit moet gehoorsaam. Dit is onmoontlik om hierdie stellings te omarm in die tipiese protestantse begrip van die verbonde. Sulke stellings maak bloot glad nie sin nie en daarom het die Adventiste Kerk gewankel en verval van sy weë wat die kerk sou lei om al die gebooie van God, deur die geloof van Jesus, te onderhou.

Sy het in 1905 voortgebou op hierdie tema dat die wet van Moses baie kosbare beginsels vir ons bevat.

> *Die slotwoorde van Maleági is 'n profesie oor die werk wat gedoen moet word ter voorbereiding van die eerste en die tweede koms van Christus. Hierdie profesie word ingelei met die vermaning, "Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge." {Southern Watchman, 21 Maart 1905 par. 1}*

In die lig van die 1888-boodskap van die verbonde, watter ander beginsels in die wet van Moses kan oor die seremoniële en morele wet se skeidingslyn, wat deur die gevalle Christelike kerke geskep is, gebring word? As die verbod op varkvleis hierdie reis in 'n morele *seën*

kan verander, in plaas van 'n seremoniële *beperking*, watter ander juwele wat God aan Israel gegee het, kan seëninge vir ons inhou? Uiteraard het die beginsel van die tiende, wat in die wet van Moses gevind word, ook daarin geslaag om hierdie skeidingslyn vir Adventiste oor te steek. Let op hierdie stelling van Ellen White oor die reis in die Christelike era in:

> *Die morele wet het die onderhouding van die Sabbat beveel, wat nie 'n las was nie, behalwe wanneer daardie wet oortree is en hulle gebind was aan die straf wat die oortreding vereis. Die tiendestelsel was geen las vir diegene wat nie van die plan afgewyk het nie. Die stelsel wat aan die Hebreërs opgelê is, is nie herroep of verslap deur die Een wat dit ingestel het nie. In plaas daarvan om nou van geen krag te wees nie, moes dit meer volledig uitgevoer en meer uitgebrei word, aangesien verlossing deur Christus alleen, meer volledig in die Christelike tyd aan die lig gebring moet word. 3 Testimonies 392 (1872-1875)*

Dit is betekenisvol dat *daar geen bewyse is dat* die beginsels omtrent rein en onrein voedsel *voor die sondeval bestaan het nie*. Ons lees van rein en onrein voedsel in die tyd van Noag, en ons lees van tiendes in die tyd van Abraham, maar niks voor die sondeval oor enigeen van hierdie beginsels nie. Dit laat 'n belangrike vraag ontstaan. Het Bybelse gebooie wat na die sondeval tot stand gekom het, steeds 'n plek na die dood van Christus aan die Kruis? As beide gesondheidswette en tiende-wetgewing na die sondeval tot stand gekom het, wat dan van 'n beginsel wat voor sonde bestaan het, wat dan uitgebrei en versterk is nadat sonde ingetree het?




Op dieselfde manier as wat James White die eet van varkvleis in 1850 verdedig het, het hy ook teen die insettinge omtrent die feeste van die Here gepraat. In die heel eerste publikasie van James White wat die waarheid van die Sabbat edel verdedig het, ontdek ons 'n denkpatroon wat later die vooruitgang van die mense van God sou verhinder. E.J. Waggoner het in 1888 begin om dit aan te spreek, maar dit is ongelukkig verwerp, en word steeds tot vandag toe deur die kerk in die geheel verwerp.

> *Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die wet van Moses, en die wet van God in die Heilige Skrif. Die wet van Moses was 'n wet van vleeslike seremonies wat deur die HAND van Moses in 'n BOEK geskryf is. Die wet van God is die tien gebooie wat deur die VINGER van GOD op TWEE KLIPTAFELS geskryf is. Die een word die BOEK van die VERBOND genoem, die ander, die TAFELS van die VERBOND. Die wet van Moses was 'n wet van skaduwees wat afgeskaf is toe die nuwe, tweede en beter verbond gekom het. James White, Present Truth, Julie 1849.*

Daar is inderdaad 'n onderskeid tussen die wet van God wat op klip geskryf is en die wet van Moses wat in 'n boek geskryf is. Die probleem vir James White is dat sy voor-1888-begrip van die verbonde veroorsaak het dat hy die wet van Moses slegs as skadus beskou het. In plaas daarvan dat slegs die offerstelsel geklassifiseer is as skadus wat sou ophou (volgens Daniël 9:27), is die **hele wet** van Moses geklassifiseer as skadus wat by die kruis opgehou het. Dit was ná hierdie tyd dat

Adventiste tiendes en gesondheidswette begin omhels het, soos in die wet van Moses beskryf is. Dit het 'n spanning geskep in die onderwerp van die verbonde, sodat Waggoner gestuur is om dit reg te stel, maar hy is verwerp en Christus was uiters teleurgesteld dat die kerk geweier het om die geloof van Jesus te aanvaar wat gemanifesteer word in sy gehoorsaamheid aan al die gebooie van God.

Let weer op die kontras tussen die woorde van James White voor 1888 en die woorde van Ellen White na 1888 omtrent die verhouding tussen die Tien Gebooie en die Boek van die Wet.

**Voor 1888: die begrip van James White**

> ***Die wet van Moses was 'n wet van skadus*** *wat afgeskaf is toe die nuwe, tweede en beter verbond gekom het. Sy "vleeslike rituele", "brandoffers en ander offers", "voedsel en drank, en allerhande reiniging" is alles "aan die kruis genael" toe die Lam van God sy mees kosbare bloed vergiet het. {Julie 1849 JW, PTJW 3}*

**Ná 1888: die begrip van Ellen White**

> ***Moses het opdrag gekry om oordele [verordeninge] en wette neer te skryf*** *wat God aan hom gegee het om Sy vereistes in die fynste besonderhede te beskryf.* ***Daardie aanwysinge met betrekking tot die volk se verpligting teenoor God*** *en teenoor mekaar en teenoor die vreemdeling* ***was 'n blote uitbreiding van die beginsels van die tien gebooie*** *wat so duidelik gestel is dat niemand hoef te dwaal nie. Patriage en Profete, bl. 320, PP.364.*

Let daarop dat James wel gepraat het oor die deel van die wet van Moses wat hy as skadus beskou het. Dit was die slagoffers en spysoffers. Tog was sy stelling "Die wet van Moses was 'n wet van skadus" ongekwalifiseerd en suggereer dat die hele wet van Moses 'n skadu was van dinge wat kom. Dit was die algemene Protestantse siening, wat natuurlik vir die meeste mense die Sabbat ingesluit het.

Indien Adventiste die Sabbat steeds wou aanvaar, moes hulle hul begrip van die verbonde herevalueer, maar dit sou baie jare neem.

Dit het logies gevolg dat James White, in die lig van sy begrip van die verbonde, die volgende stelling in die tweede 1849 *Present Truth*-artikel maak.

> *Die skuldbrief teen ons wat by die kruisiging van die Messias aan die kruis vasgenael is,* ***was die tipiese, seremoniële wet van Moses, wat deur die hand van Moses in 'n boek geskryf is****.* ***Die kruisiging was die skeidingslyn tussen die twee bedelings.*** *"Gedurende die helfte van die week sal hy die slagoffer en die spysoffer laat ophou." Dan. 9:27.* ***Die eerste verbond wat "verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad" het, was 'n skaduwee van die tweede, en beter verbond. Die wet was die skadu, en die Evangelie is die liggaam wat die skadu gewerp het; en namate alle skaduwees tot by hulle liggaam reik, en nie verder nie, is dit baie duidelik dat die brandoffers en spysoffers, nuwemane, feesdae en sabbatte van die Joodse wet opgehou het****, toe die kosbare liggaam en bloed van die Lam van God aan die kruis geoffer was. Paulus verwys daarna, dat dit "aan die kruis vasgenael" is. "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus." James White, Present Truth, Augustus 1849.*

Dit is glashelder dat James White tot die gevolgtrekking kom dat die feeste en nuwemane aan die kruis vasgenael is as gevolg van hierdie duidelike skeidingslyn tussen wat hy verstaan het die eerste en tweede verbond was. Wat James White verkondig het, was standaard Protestantse teologie aangaande die verbonde; dat die ou verbond 'n tipe van die nuwe is en dus deur die nuwe **vervang** is. Waggoner se boodskap in 1888 het hierdie idee van 'n duidelike skeidingslyn, wat die hele wet van Moses as skaduwees en slegs die Nuwe Testament as werklikheid geplaas het, uitgedaag.

Dit is belangrik om daarop te let dat die King James-vertaling (asook die Afrikaanse Bybelvertalings) van Kolossense 2:14-17 met hierdie verbondsperspektief geïnterpreteer is. Dit vereis 'n aantal verskafde woorde om dit behoorlik te laat pas. As u die verskafde woorde uithaal en noukeurig na die gedeelte in konteks kyk, sal u iets anders ontdek. (Sien die boekie *'Showing Respect to Colossians 2:16,17'*)

Is daar dan 'n morele seën beskikbaar in die feeste van die Here? Dit is waar dat die feeste op die werk van Christus van die Kruis af vorentoe wys. Maar kan ons sê dat die feeste net seremonieel is soos James White in 1849 gedoen het, of kan ons vordering maak in die lig van die 1888-boodskap en sien dat daar 'n morele seën vir God se mense gedurende hierdie bepaalde tye is?

> *En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak. Gen.2:3*

Ons lees hier dat God die Sabbat heel aan die begin geseën het en die boodskap van 1888 leer ons dat hierdie seën die teenwoordigheid van God self is.

> *Watter doel hou dit alles in? Waarom is die Sabbat gemaak? [Gemeente: "Vir die mens."] Dit is vir die mens gemaak. Wel, dus het God gerus en Sy geestelike rus ter wille van die mens op die dag geplaas, het Hy? [Gemeente: "Ja."] God se verkwikking, Sy blydskap in daardie dag was ter wille van die mens.* ***Die seën waarmee Hy dit geseën het, was vir die mens. Die heiligheid wat Sy teenwoordigheid daarvoor gebring het en wat Sy teenwoordigheid daaraan gegee het, was vir die mens. Sy teenwoordigheid wat dit heilig het, was vir die mens. Wel, was dit dan nie dat die mens deur die Sabbat deel kon hê aan Sy teenwoordigheid en deur lewende ervaring kennis gemaak kon word met die geestelike rus van God****, die geestelike seën, die heiligheid, die teenwoordigheid van God wat heilig maak, die teenwoordigheid van God om hom te heilig? Is dit nie wat God bedoel het, wat die Sabbat vir die mens moet bring nie? Wel, die mens*

*wat dit alles op die Sabbat ontvang, is die mens wat die Sabbat onderhou. En hy weet dit ook. Hy weet dit en hy is verheug om dit te weet. A.T. Jones, General Conference Bulletin, Preek 20, 2 Maart 1893*

*…**Die Sabbat het God se heiligmaking daarin; omdat hy nie alleen die sewende dag geseën het nie, maar dit geheilig en dit afgesonder het tot heilige gebruik en tot diens van die Here, sodat sy teenwoordigheid daarin kon wees; want dit is nie bloot die verbygaande teenwoordigheid nie, maar die blywende teenwoordigheid, die inwoning van God in 'n plek, wat heilig maak**; want daar is geskrywe: "Israel ... sal deur my heerlikheid geheilig word." want "Ek sal onder die kinders van Israel woon en vir hulle 'n God wees." Ex. 29:43 (kantlyn), 45. Die Sabbat is verbind met die skeppende krag van God, die rus van God, die seën van God, die teenwoordigheid van God wat heilig maak, en die voortdurende, inwonende teenwoordigheid van God, wat heilig maak. A.T. Jones, Review and Herold 6 Junie 1899*

*Die waarde van die Sabbat as middel tot opvoeding is onberekenbaar. Wat God ook al van ons eis, gee Hy weer terug, verryk, verheerlik met Sy eie glorie. Die tiende wat Hy van Israel gevra het, is daaraan toegewy om, in sy heerlike skoonheid, die patroon van Sy tempel in die hemele, die teken van Sy teenwoordigheid op die aarde, onder die mense te bewaar. So word die gedeelte van ons tyd wat Hy opeis, weer aan ons teruggegee, met Sy Naam en seël daarop. Dit is "'n teken," sê Hy, "tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is", "want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig." Esegiël 20:20; Exodus 20:11. **Die Sabbat is 'n teken van skeppende en verlossende mag; dit vestig die aandag op God as die bron van lewe en kennis; dit roep die oorspronklike heerlikheid van die mens voor die gees en getuig sodoende van Gods doel om ons na Sy eie beeld te herskep.** Opvoeding bl 205, Education 250 (1903)*

Die Sabbat is duidelik 'n gawe van God se teenwoordigheid deur Christus op 'n spesiale manier. (Sien die boekie *Sabbatsfontein*). Oral waar na die Sabbat verwys word, word daardie kosbare gawe van Sy teenwoordigheid geopenbaar. Jesus het van die werklikheid van die Sabbatservaring gepraat toe Hy verkondig het:

> *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Matt.11:28*

Die Griekse woord vir rus is *anapausis*. Die Griekse Ou Testament (die LXX) gebruik dieselfde woord in Ex.31:15.

> *Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus [anapausis], heilig aan die HERE. Ex.31:15*

In die Hebreeus word die woord *shabbaton,* die Strongs nommer 7677, gebruik. Hierdie ruservaring wat van die Gees van Christus kom, vind plaas op die *Shabbat* of Sabbatdag, nommer 7676 in Strongs. So wanneer en waar ook al die Sabbat na die volk van God kom, word die rus van ons Here Jesus op 'n spesiale manier gemanifesteer wat ons heilig en verseël. Dieselfde *anapausis*-ruservaring word ook in die wet van Moses gevind. Dit word gevind in die feeste van die sewende maand.

Die fees van Trompette:

> *Lev. 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag [7677] wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.*

Die Versoendag:

> *Lev. 23:32 'n Dag van volkome rus [7676, 7677] moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou.*

Die Huttefees:

> *Lev. 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag [7677], en op die agtste dag is dit rusdag [7677].*

Al hierdie feesdae bevat die teken van die Sabbat. Op hierdie tye kom die soete Gees van Christus met sy heiligmakende invloed. (Sien die boekie *Lewende Brood uit die Hemel*.)

Die wette oor tiendes en gesondheid het ná die sondeval verskyn, en so ook hierdie feeste van die Here. Ek sê *verskyn* omdat ons geen Bybelbewyse het of hulle voor die sondeval bestaan het of nie. As die tiendes- en gesondheidswette hulle weg kon vind oor die skeidingslyn wat deur die gevalle kerke opgerig is, waarom kan die soet Gees van Jesus dan nie deur hierdie verwarrende skeidingslyn breek en aan God se mense spesiale seisoene van verkwikking bring nie? As die sewende dag Sabbat 'n morele seën is en die Feeste neem die naam van die Sabbat aan, dan erf hulle tog sekerlik ook hierdie seën? Net soos Christus die volle seën van Sy Vader erf, erf die feeste dan nie die volle seën van die Sabbat nie? Net soos die Seun van God die glans van die Vader se heerlikheid is, is die feeste dan nie die glans van die Sabbat se heerlikheid nie? Is dit nie die Sabbat meer volledig nie?

Let op na die morele verbintenis wat Ellen White omtrent die feeste van die Here maak:

> *Die volk is weer aan die heilige verpligting van die Sabbat herinner. Jaarlikse feesdae is ingestel, dan moet al die manne van die volk voor die*

*Here saamkom en hulle dankoffers en die eerstelinge van Sy milddadigheid saambring. Die rede vir hierdie wette word duidelik verstrek: dit was nie die uitdrukking van 'n willekeurige heerssug nie; almal is vir die welvaart van Israel gegee. Patriarge en Profete, bl. 271; Patriarchs and Prophets p. 311*

Hoe is die herinnering aan die heilige [morele] verpligting van die Sabbat aan die mense deurgegee? Jaarlikse feeste is ingestel. Hoekom is hulle ingestel? Sodat God se volk [morele] lofoffers kon bring en vir die [morele] beswil van Israel. Indien die feeste 'n heilige herinnering aan die morele beginsel van die Sabbat moes wees, sou dit nie nodig wees dat dieselfde soet Gees van Christus deur hulle vloei om werklik 'n Sabbat genoem te word nie? Is dit moontlik om 'n fees van die Here te hou sonder dat die Here van die fees spesiaal teenwoordig is?

Dit is waar dat offers gedurende die tye van die feeste gebring is, maar hierdie offers is ook elke Sabbat gebring.

*Toe het Salomo brandoffers aan die HERE gebring op die altaar van die HERE wat hy voor die voorportaal gebou het. (13) Daarop moes hulle na die eis van elke dag offer volgens die gebod van Moses, op die sabbatte en op die nuwemane en op die feestye, drie maal in die jaar—op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees. 2 Kron. 8:12,13*

Die verwydering van die offerstelsel uit die wet het nie die soet Gees van Jesus van die Sabbat verwyder nie. Glo ons werklik dat die dood van Jesus die krag van die Sabbat wesenlik verminder het op die plekke waar dit geopenbaar was? As die feeste weggeneem is, dan beteken dit dat daar minder tye beskikbaar is wanneer die krag van die Sabbat gestuur is om God se volk te heilig en te verseël.

Dit is my oortuiging dat die feeste van die Here in hierdie huidige tyd nou vry is om deur hierdie skeidingslyn, wat deur die gevalle kerke

aangaande die verbonde opgerig is, te breek, net soos tiendes en gesondheidswette deur die skeidingslyn kon breek. Wanneer die ware begrip van die verbonde verstaan word, sal die Sabbatsgees, soos verheerlik in die feeste van die Here, na ons toe kom, wanneer ons ons harte in geloof daarvoor oopmaak.

Dit is waar dat E.J. Waggoner nooit die verband tussen die verbonde en die feeste gemaak het nie, maar so ook het William Miller nooit die verband tussen die Eerste Engel se boodskap en die Sabbat gemaak nie. Hy het die grondslag gelê vir ander om dit te ontdek. So het ook E.J. Waggoner die grondslag gelê vir ander om dit met vreugde te ontdek.

Waarom het Jesus hierdie woorde op die laaste groot dag van die fees uitgespreek?

> *En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Joh.7:37*

Kan dit deels wees omdat die laaste groot dag van die Huttefees 'n *Shabbaton* is, wanneer die teenwoordigheid van Christus ‘n vergroting van die Sabbat bring?

Waarom het Jesus tot die Pinksterdag gewag om die lieflike teenwoordigheid van Sy Gees in groot mate uit te stort? Toe Jesus opgestaan het, moes Hy nie dadelik Sy Gees gegee het nie? Hoekom wag vir Pinksterdag? Is dit omdat dit die vasgestelde tye is wanneer groter seëninge uitgestort word?

Kan u sien dat die poort van die Heiligdom in die hemel op die Sabbat wawyd oop is, sodat groter seëninge gedurende hierdie tyd kan afkom, asook gedurende al die ander tye wat die woord Sabbat geërf het?

> *Eseg. 46:1 So sê die Here HERE: Die poort van die binneste voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdae gesluit wees; maar op die*

*sabbatdag moet dit oopgemaak word; ook moet dit op die dag van die nuwemaan oopgemaak word.*

Let ook op dat die poort van die Heiligdom op die nuwemaan oop is. Is daar genesing vir God se volk vanuit die boom van die lewe wat elke maand sy vrugte dra?

*In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. Open. 22:2*

Dit is duidelik dat die volk van God verwag het dat seëninge van God in hierdie tye verligting en verkwikking sou bring. God se volk sou dikwels in hierdie tye na die profete gaan om 'n woord uit die hemel te ontvang.

*En hy sê: Waarom gaan jy vandag na hom? Dit is geen nuwemaan of sabbat nie. En sy antwoord: Wees maar gerus! 2 Konings 4:23*

Ek nooi u uit om te proe en te ervaar dat die Here in hierdie spesiale tye goed is. Moenie bang wees vir diegene wat vir u sê dat u hierdie dinge nie moet doen om gered te word nie, dat dit wettisisme is. Daar is baie wat sê:...

*raak nie, smaak nie, roer [die feeste] nie aan nie… Kol. 2:21*

Tog, soos Paulus sê, verwys hy hier na die leerstellings en gebooie van mense. Moenie luister na die spotters en diegene wat in 'n begrip van die verbonde voor 1888 vasgevang bly nie. Kom in die lig en geniet die vryheid van die Sabbat in sy volheid. Kan u navigeer oor die skeidingslyn van die gevalle kerke en diegene wat die lig in 1888 hardnekkig geweier het? Kan u, sonder vrees, die oproep hoor om die wet van Moses met die insettinge en die verordeninge te onderhou? Die Gees en die Bruid sê kom, ervaar en sien dat die Here goed is. Dit is 'n goeie land; ons kan wel optrek en dit in besit neem.

# Die Seremoniële Skeidingslyn

Adventiste se geskiedenis is vol stryd en debat oor die kwessie van wanneer en waar die Ou Verbond met al sy rituele en seremonies begin en geëindig het. Soos alle ander Protestantse kerke waaruit hulle gekom het, het die Adventiste lank die heersende idee aanvaar dat alles wat oud en Joods is, met die dood van Jesus tot 'n einde gekom het. Vir die ander Protestante het dit ook die sewende dag Sabbat ingesluit. Nee, het die Adventiste, wat die vierde gebod aanvaar het, gesê. Die Morele Wet is permanent; die wet van Moses is aan die kruis vasgenael. Maar wat van drank wat dronk maak, en onrein vleis? ‘n Groeiende lys van Mosaïese insettinge is oor die Seremoniële Skeidingslyn geskuif. En toe kom 1888. Die implikasies was duidelik. Iets moes meegee... Die gevegslinies is opgestel, en die res — wel, die res is geskiedenis.

## in die Geskiedenis van Adventiste